

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
26 November 1972

Onderwerp: Wees soos Jesus
Voorstelling van die Kerkraad

Lees: 1 Petrus 2 verse 18 tot 25
Teks: 1 Petrus 2 vers 21
Sing: Psalm 48 vers 4
Gesang 62 vers 5
Gesang 100 vers 7

“Volgens die Evangelie van Lukas het Jesus ’n hele nag van gebedsworsteling deurgemaak voordat Hy sy twaalf Apostels gekies het. Toe dit dag geword het, het Hy sy Dissipels na Hom geroep en twaalf aangewys om draers te wees van die heilsboodskap na ’n wagtende wêreld. Die woorde van Jesus het sekerlik vars gebly in Petrus se geheue: ‘Kom agter My aan, en Ek sal julle vissers van mense maak.’ (Matt 4:19)

“Jesus het hierdie groepie vir Hom afgesonder met die oog op die wêreld se nood. Die mensdom moes Jesus Christus sien en vind in hulle lewens en wandel. Hulle moes hulle lig só laat skyn voor die mense, dat die mense hulle goeie werke kon sien en hulle Vader in die Hemel verheerlik. Die Apostel Paulus het dit so mooi uitgedruk: ‘... kinders van God sonder gebrek te midde van ’n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld.’ (Fil 2:15)

“Dit was nie ’n maklike roeping nie.

“Hierdie plan van Jesus Christus met sy Dissipels was Petrus se lewensdrang. Daarom het hy selfs aan slawe geskryf, dat hulle só moes lewe en ly dat ander Jesus Christus in hulle lewens kon sien. Alleen só sal die wêreld oortuig kan word.

“Broers en Susters, ons het hier te doen met ’n duidelike roeping: ‘Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle ’n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg.’ (1 Petr 2:21) Ja, die getuienis van Jesus in hulle lewens moes die mense, wat niks in Jesus gesien het nie, oortuig dat die Lam van God gekom het om die sondes van die wêreld weg te neem.

“Liewe Broers en Susters, in ons dag is dit nie minder dringend nie. Die wêreld daarbuite is in ’n ellende van sonde gedompel. Wrede selfsug heers in die mens se hart en die wêreldling wil homself

bevoordeel, selfs ten koste van God en sy naaste. Ten spyte van alles waarop die moderne mens roem, begewe alles hom en dreig om inmekaar te tuimel. Sy ellende skreeu uit sy dade, wat daarop neerkom: Weg met Jesus Christus en Christene.

“Die wêreld is nie alleen hiervoor te blameer nie. Ons het ook ’n aandeel hieraan. Want hoe sal die wêreld ooit oortuig word van die heil wat in Jesus Christus te vinde is, as die volgelinge van Jesus Christus nie daarvan getuig nie? Besef ons dat ons medeverantwoordelik is vir die haglike toestande om ons heen?

“Wie moet Jesus en die Christendom aan die wêreld toon en illustreer? Jesus wend Hom hierin tot sy Dissipels en sê: Ek wil julle gebruik om die sterwende mensdom te oortuig. Hulle moet die beginsels van my Koninkryk in julle lewens sien.

“Broers en Susters, die mens sal nie gered word deur wapengeweld of onderdrukking nie. Maar hoor hier: deur die lewe en getuienis van ’n nederige diensknege van God. Is dit nie wonderlik nie! Die redding van hierdie wêreld lê dus in ware dissipelskap. Dit lê in die getuienis van mense wat oorgegee en weggegee is aan Jesus Christus. Dit dring ons vanaand daartoe om in waaragtige selfondersoek voor God te kom staan.

“Liewe Broers en Susters, Petrus sê in ons teks vir ons wat Jesus van ons verwag: ‘Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle ’n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg’. Hulle wat Jesus ontmoet het en sy innerlike en inwonende krag ken, is nie meer dieselfde nie. Wie sy lewe dan inrig volgens die voorbeeld wat Jesus Christus gestel het, word ’n kragtige getuie en deur so ’n lewe kan God wondere doen.

“Hoe was Jesus se lewe dan? Hy het God in hierdie sondige wêreld bo alles bemin. Die ganse doel van Jesus Christus se lewe was om God se wil te doen. Daarom kon Hy ook aan die einde van sy aardse lewe sê: ‘Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring.’ (Joh 17:4)

“Om vir God te lewe in so ’n sondige wêreld, is nie maklik nie. Dit is ’n opdraende pad om ’n ouderling of ’n diaken na die hart van God te wees daar in my werk en omgewing. Want Broers en Susters, God pas so dikwels nie in, in die besigheid, die politiek en die sosiale lewe van ons tyd nie. Dit is asof die mens harder as ooit probeer om God uit alle terreine van sy lewe te verban. Want God se teenwoordigheid gee aanstoot. God kan

nie teenwoordig wees wanneer daar sosiaal verkeer word nie, want Hy is volgens die wêreld die groot pretbederwer.

“So was daar vir Jesus, wat gekom het om die beginsels van God se Koninkryk op elke terrein van die lewe neer te lê, geen plek nie. Alles was met Hom in konflik. Hierteenoor het Hy die smaad van die vyandige wêreld op Hom geneem. En hierin was Jesus vir ons so ’n wonderlike voorbeeld. Hy het nooit teruggedeins nie. Hy het Homself nooit behaag nie. Nee, Hy het altyd getrou gebly aan God.

“Jesus Christus het die sterwende mensdom liefgehad. Hy het sy heerlijkheid verwissel vir die gestalte van ’n dienskneg en Hom terwille van hulle heil op Golgota uitgestort. Dit alles het Hy gedoen vir mense wat Hom nie werd was nie en Hom vyandiggesind was: ‘... maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.’ (Rom 5:8)

“En dit Broers en Susters, is die beeld van Jesus Christus wat ons aan die wêreld moet vertoon. Dit is hoe ’n lewe moet lyk wat die wêreld sal oortuig. Hiervoor is julle geroep, sodat julle Jesus Christus se voetstappe kan navolg. Julle is geroep om soos Jesus Christus te lewe. Paulus stel dit so duidelik: ‘Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom’. (Kol 2:6)

Wat ’n standaard van lewe! Daarom moet ons altyd vra: Wat sou Jesus doen as Hy my lewe moes leef? Het u al probeer om met hierdie vraag ’n uur, ’n dag, ’n maand, of u lewe in te stap? Wat sou Jesus doen as Hy in my huis, vriendekring, omgewing en roeping gestaan het? Wat sou Hy doen met my talente, lewe, kragte, tyd en besittings? Sou Hy dit ook vir die doel aangewend het en gespandeer het soos ek dit doen? Is sy idee van dissipelskap nie gans anders as myne nie? Wat vertoon ek aan die wêreld: Jesus Christus, of my eie vleeslike lewe?

“Broers en Susters, ons kan Jesus Christus nie naboots nie. ’n Swart pak klere bring nie die beeld van Jesus Christus in my lewe na vore nie. Ons trek dit buitendien net aan op Sondae. Om Hom te volg is nie uitwendige vertoon nie, maar ’n innerlike lewe en onderwerping.

“Is u oortuig dat God u geroep het? Toets u lewe elke dag, ook ten opsigte van u werk. Is my optrede teenoor God, soos die van Jesus? As my lewe nog oorheers word deur allerhande wêreldse gebruike wat

ek nie wil aflê nie, dan tree ek nie op soos Jesus nie. Met my lewe in die regte verhouding met God, sal daar nie meer die begeerte wees om stof op 'n dansbaan op te skop; of om my liggaam, die tempel van God, met dreggode te beskadig nie.

“Broers en Susters, daar is baie dissipels van Jesus wat hulle nog genoeglik by die vure van die wêreld warm maak. Die sieraad van God se heiligheid is nie hulle roem nie; en die liefde vir God, wat Jesus Christus ons getoon het, kom nie by hulle na vore nie. Dit is geen wonder dat die wêreld nie oortuig kan word nie.

“Is ons optrede teenoor die sterwende mensdom, soos Jesus s'n? Soos Petrus en Johannes, moet ons te alle tye deur hulle herken word as metgeselle van Jesus. As hulle Jesus Christus van die kruis nie in ons kan waarneem nie, hoe kan ons verwag dat hulle sal glo? 'Julle is die sout van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie.' (Matt 5:13)

“Broers, laat ons vanaand besef: My al is op die altaar. U en u huisgesin tree vanaand tot die arbeidsveld as ouderling en diaken. Kyk na Jesus. Hy moet ons aansporing wees. Hy het belowe: 'Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.' (Matt 28:20)

“Wie kan ooit Jesus se vernedering, armoede, eensaamheid, bloedsweet en wonde waarneem, sonder om sy stem te hoor: Dit het Ek vir jou gedoen. Wat doen jy vir My? Jesus het terwille van jou gely. Is jy bereid om dit te doen?

“Hulle wat koud en neutraal staan teenoor Jesus en sy opdrag, is sekerlik vreemdelinge by Jesus Christus.

“Die wêreld wag op u en my. Dit sal vir u wat vanaand toetree tot die Kerkraad, 'n heerlike geleentheid wees om in te skakel by die beoogde jaar van Evangelisasie van ons kerk. Sal God in u 'n gewillige werktuig vind? Sal u 'n geopende kanaal wees waardeur die Gees van God kan vloei om die wêreld te oortuig? Kom dan vanaand met die bede:

“‘Ek sal my na U wy, o Here

“‘ywerig soek, u Naam ter ere

“‘welbehaaglik U te lewe.’

“Amen.”